Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 120/03

Datum verhoor: 2004-04-26

Datum gelewer: 2004-04-26

In die appél van:

**THEODORUS JOHANNES PETRUS BOSCH EERSTE APPELLANT**

**JAN WILLEMSE TWEEDE APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# EX TEMPORE UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die twee Appellante is tesame met 'n derde beskuldigde (die saamleefvrou van die Tweede Appellant) skuldig bevind aan diefstal met inagneming van die bepalings vervat in Wet 57 van 1959 (Veediefstal, hierna verwys na as "*die Wet*") en elk gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf (die eertydse Beskuldigde 3 is gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf).

2. Die Appellante tree hierin op in persoon, aangesien die Regshulpraad geweier het om vir hulle van regsverteenwoordiging te voorsien, aangesien daar volgens die oordeel van die Regshulpraad geen meriete hoegenaamd in hulle appélle is nie.

3. Die Eerste Appellant appelleer teen beide

skuldigbevinding en vonnis, terwyl die Tweede Appellant slegs teen sy vonnis appelleer.

4. Dit is die Appellante en hulle eertydse medebeskuldigde ten laste gelÍ dat hulle op of omtrent die 30*ste* dag van November 2002 ses skape ter waarde van R3000 op die plaas *Kareeboom* in die distrik Niekerkshoop wat behoort aan ene HM Jordaan, gesteel het. Die Appellante en hulle medebeskuldigde het onskuldig gepleit en daar is getuienis gelei deur die Staat en die Verdediging. Ek moet alreeds hier uitwys dat die Appellante en hulle medebeskuldigde al drie saam verteenwoordig was deur 'n plaaslike prokureur in die Verhoorhof.

5. Die volgende feite is gemeensaak hierin of is nie ernstig in geskil geplaas nie:

5.1 Dat ses skape deur die Appellante en hulle medebeskuldigde tesame met die Eerste Appellant se seun, Jacques Bosch, op 30 November 2002 verwyder is vanaf die klaer se plaas *Kareeboom* en geneem is na die Eerste Appellant se woonhuis te Prieska.

5.2 Dat die polisie te Prieska (klaarblyklik uit hoofde van inligting wat hulle vanaf 'n beriggewer ontvang het), vier van die voormelde skape in die motorhuis op die Eerste Appellant se perseel aangetref het en daarop beslag gelÍ het.

5.3 Dat die klaer hierdie vier skape enkele dae later by die polisiestasie, waar dit in bewaring gehou is, uitgeken het as sy eiendom.

5.4 Dat die ander twee skape van die klaer reeds geslag was (dit is klaarblyklik verkoop aan mense in Prieska) en het die klaer dié twee skape uitgeken aan hulle velle.

5.5 Dat geeneen van die Appellante, op die stadium toe

die polisie beslag gelÍ het op die vier skape in die Eerste Appellant se motorhuis, in besit was van ‘n verwyderingsertifikaat soos bedoel in art 8 van die Wet nie, of ten minste dit kon toon aan die polisie toe hulle daarvoor gevra het nie.

6. Die klaer het in sy getuienis aangedui dat hy gedurende die voorval uitstedig was vanaf Prieska, aangesien hy na Middelburg (Kaap) vertrek het. Die Tweede Appellant sowel as sy saamleefvrou, die eertydse Beskuldigde 3, was ten tyde van die voorval werknemers van die klaer. Die klaer het ‘n woning in Prieska, waar die Tweede Appellant gewerk het in die tuin en die eertydse Derde Beskuldigde as huishulp in die huis. Die plaas *Kareeboom* is ‘n sogenaamde *pos*plaas, met ander woorde, dit het nie ‘n woonhuis nie en is bloot ‘n plaas

waar vee aangehou word. Die Tweede Appellant het volgens die klaer van tyd tot tyd daar gewerk en gewone algemene plaasarbeiderswerk vir hom verrig. Een van die take wat die klaer die Tweede Appellant opgelÍ het gedurende die bepaalde tydperk toe hy uitstedig was uit Prieska en toe dié voorval plaasgevind het, was dat Tweede Appellant beopdrag was om skape wat aangehou was by die klaer se perseel te Prieska aan voornemende kopers te verkwansel. Die klaer het verder getuig dat by sy terugkeer dit geblyk het dat die Tweede Appellant inderdaad vier skape ooreenkomstig sy voormelde opdrag van die hand gesit het en het die klaer ook die geld as opbrengs van hierdie verkope ontvang. Die klaer was egter adamant dat hy:

a) nooit enige toestemming gegee het aan óf die Eerste

óf die Tweede Appellant om skape op sy plaas Kareeboom te bekom vir doeleindes van verkoop nie; en

b) self geen geld ontvang het vir die twee skape wat vanaf *Kareeboom* verwyder is en klaarblyklik verkwansel is aan mense te Prieska nie.

Dit blyk uit die getuienis dat die klaer die Eerste Appellant se skoonpa is. Hy het ook getuig dat daar nie 'n goeie verhouding tussen hom (die klaer) en die Eerste Appellant bestaan nie.

7. Die sleutelgetuie in die Staat se saak is ongetwyfeld die Eerste Appellant se seun, Jacques Bosch. Soos ek vroeër hierin aangedui het, het hierdie getuie saam met die twee Appellante en die Derde Beskuldigde na die

plaas *Kareeboom* vertrek en het hy deelgeneem aan die oplaai van die ses skape en die terugvervoer daarvan na die Eerste Appellant se woning te Prieska. Die getuie het in sy getuienis aangevoer dat hy deeglik bewus was daarvan dat hulle op hierdie ekspedisie na die klaer se plaas vertrek het ten einde die skape daar te gaan steel. Ek moet uitwys dat hierdie getuie eintlik 'n mededader of 'n medepligtige was, maar is hy vreemd genoeg nooit gewaarsku ingevolge die bepalings van art 204 van die Strafproseswet nie. Dit is ook nie duidelik of die Staat van voorneme is om hom nog aan te kla vir hierdie bepaalde misdryf nie.

8. Daar het ook twee polisiebeamptes getuig te wete inspekteure Botes en Jacobs. Hulle is albei lede van die SAPD te Prieska. Volgens hulle getuienis het hulle op

grond van inligting ontvang op Sondag 1 Desember 2002 aangedoen by die Eerste Appellant se woonhuis te Prieska, waar hulle die Tweede Appellant en sy saamleefvrou, Derde Beskuldigde, op die stoep aangetref het waar hulle gelÍ en slaap het. Dié twee was duidelik onder die invloed van drank. Die twee polisiegetuies het ook getuig oor vier skape wat hulle in die Eerste Appellant se motorhuis waargeneem het. Hulle het die Tweede Appellant daaroor gekonfronteer en dié het hulle verwys na die Eerste Appellant. Die Eerste Appellant het gelÍ en slaap op 'n bed en toe hy wakker gemaak is was hy duidelik onder die invloed van drank en uiters aggressief. Hy het op sy beurt op navraag aangaande die vier skape in sy motorhuis, weer die polisiebeamptes verwys na die Tweede Appellant. Hulle het die Tweede Appellant weer genader en hy wou niks verder sÍ nie. Op 'n stadium het

die Eerste Appellant se seun, Ettienne Bosch, by ‘n vertrek in die huis uitgekom en vir die polisie gesÍ dat hy met hulle eenkant wil praat en het hy toe aan hulle aangedui dat dit die klaer se skape is en het hy aan die polisie die klaer se telefoonnommer verskaf. Die polisie het toe die klaer gekontak.

9. Die vernaamste geskilpunt in hierdie saak wat die skuldigbevinding aanbetref is of die Appellante toestemming gehad het of gronde gehad het om te kon aanneem dat hulle toestemming gehad het om die betrokke skape vanaf *Kareeboom* te verwyder en/of te verkwansel. In dié verband is die klaer se getuienis baie duidelik, te wete dat hy wel toestemming aan die Tweede Appellant en Beskuldigde 3 gegee het om die skape wat op sy erf te Prieska aangehou is te verkoop. Die klaer het

dan ook vir dié doel getekende verwyderingsertifikate, waarvan 'n voorbeeld as bewysstuk A by die verhoorhof ingehandig is, aan die Tweede Appellant oorhandig wat voltooi moes word wanneer van dié vee verkoop is. Die klaer het deurgaans voet by stuk gehou dat geen sodanige toestemming aan óf Eerste Appellant óf Tweede Appellant of aan Derde Beskuldigde gegee is om skape vanaf *Kareeboom* vir dié doel te verwyder nie.

10. Die Verhoorhof het bevind dat die klaer 'n eerlike en betroubare getuie is. Op die oorkonde voor ons is daar hoegenaamd geen basis om met hierdie geloofwaardigheidsbevinding in te meng nie. Die beperkinge van 'n Hof op Appél wanneer dit kom by geloofwaardigheidsbevindinge is welbekend en verg geen verdere besperking nie. In wese word die klaer se

getuienis boonop gestaaf nie net deur die sleutelgetuie Jacques Bosch nie, maar belangriker nog deur die getuienis van die twee Appellante self. Die Appellante se verweer was dat hulle toestemming gehad het om die skape vanaf *Kareeboom* af te verwyder, of aangeneem het dat sodanige toestemming bestaan. Volgens die Eerste Appellant se getuienis is daar na *Kareeboom* gery om skape te gaan haal op versoek van die Tweede Appellant. Die Eerste Appellant het naamlik aangevoer dat die Tweede Appellant by hom aangedoen het en verklaar het dat daar mense is wat 'n begrafnis wil hou wat skape vir dié doel soek maar dat hulle nie tevrede is met die skape wat aangehou is by die klaer se perseel te Prieska nie omdat die skape na bewering te maer is. Die Tweede Appellant het gevolglik die Eerste Appellant versoek om na *Kareeboom* te gaan om skape daar te

gaan haal vir die doel en het die Eerste Appellant ingestem om so te doen. In breë trekke bevestig die Tweede Appellant hierdie voormelde weergawe van die Eerste Appellant, behalwe in die belangrike opsig dat die Tweede Appellant aanvoer dat die Eerste Appellant uit eie oorweging besluit het om skape te gaan haal op *Kareeboom* sodat dit aan mense wat die begrafnis wou hou verkoop sou word. In dié belangrike opsig verskil die Eerste Appellant en Tweede Appellant se getuienis dus: die Eerste Appellant wil dit hÍ dat die Tweede Appellant hom versoek het om die skape te gaan haal by *Kareeboom*, terwyl die Tweede Appellant weer aanvoer dat die Eerste Appellant, nadat hy gehoor het van die probleem met die maer skape, uit eie oorweging besluit het om skape by *Kareeboom* te gaan haal. Hierdie is 'n belangrike aspek en slaan op die ongeloofwaardigheid

van die twee Appellante. Na my mening is dit duidelik dat die twee Appellante deeglik bewus daarvan was dat hulle nie toestemming gehad het om skape by *Kareeboom* te gaan haal en te verkoop nie. Bowendien en in elk geval, is Jacques Bosch se getuienis baie duidelik dat die ekskursie na die plaas *Kareeboom* met dieftige opset geskied het.

11. Die getuie, Jacques Bosch, se getuienis is as geloofwaardig aangemerk deur die landdros en het hy dit aldus aanvaar. Die Eerste Appellant het in sy betoog aangevoer dat Jacques Bosch 'n mededader of ten minste 'n medepligtige was. In dié verband is die Eerste Appellant se submissie heeltemal korrek. Gevolglik dus moet hierdie bepaalde getuie se getuienis met versigtigheid benader word en moet daar gesoek word na

betroubaarheidswaarborge daarvoor. Daar moet verder in gedagte gehou word dat daar nie verwag word van ‘n mededader of medepligtige se getuienis om vlekkeloos te wees alvorens dit aanvaar kan word nie. Soos Smallberger AR dit gestel het in **S v Francis 1991(1) SACR 198(A)** te 205 f:

> "It is not necessarily expected of an accomplice, before his evidence can be accepted, that he should be wholly consistent and wholly reliable, or even wholly truthful, in all that he says. The ultimate test is whether, after due consideration of the accomplice's evidence with the caution which the law enjoins, the Court is satisfied beyond all reasonable doubt that in its essential features the story that he tells is a true one."

Nóg die weergawe van Jacques Bosch, nóg die weergawe van die klaer meer bepaald ten aansien van die gebrek aan toestemming wat die Appellante gehad het om skape vanaf *Kareeboom* te verwyder, is enigsins in

kruisondervraging afgetakel nie. Na my mening staan dit oorvloediglik bewese op die getuienis voor ons dat die twee Appellante en hulle medebeskuldigde sonder die nodige toestemming die skape vanaf *Kareeboom* verwyder het. Dit verduidelik dan ook waarom daar, toe die polisie aan die twee Appellante versoek het om 'n verwyderingsertifikaat ten aansien van die ses skape voor te lÍ, hulle nie daarin kon slaag nie.

12. 'n Belangrike betroubaarheidswaarborg vir die getuienis van Jacques Bosch is die feit dat hy die Eerste Appellant se seun is. Daar is geen rede hoegenaamd voorgehou waarom hierdie seun sulke ernstig inkriminerende getuienis teen sy eie vader sou voorhou wat uit die duim gesuig is nie. 'n Verdere waarborg is daarin geleë dat sy getuienis oor die *modus operandi* wat gevolg is tydens die

pleging van die misdryf in wese ooreenstem met die weergawes van die twee Appellante, soos voorgehou in hulle getuienis in die hof. Ek meen dus dat die Landdros heeltemal korrek was om die getuienis van Jacques Bosch te aanvaar.

13. Behalwe die belangrike weerspreking tussen die twee Appellante se weergawes waarna ek alreeds verwys het, naamlik op watter een se inisiatief daar na *Kareeboom* gereis is om die skape te gaan haal, is daar etlike onwaarskynlikhede in hulle weergawes soos onder meer:

13.1 Die Appellante maak nie moeite om die klaer te kontak om toestemming te verkry om die skape op *Kareeboom* te gaan haal nie, alhoewel hulle op die getuienis in besit was van sy telefoonnommer.

13.2 Dit blyk duidelik uit die getuienis dat daar op 'n slegte pad vir ongeveer 200 km gery is om die skape te gaan haal op die plaas. Dit doen die Appellante op hulle weergawes om die klaer 'n guns te bewys, d.w.s. dat skape van 'n bevredigende gehalte bekom word ten einde aan die mense te verkoop wat die begrafnis sou hou. Hierdie ekskursie geskied egter op beide Appellante sowel as Jacques Bosch se weergawes in die middel van die nag – die getuienis is duidelik dat daar om ongeveer elfuur die aand eers vertrek is vanaf Prieska en dat daar nog in Niekerkshoop aangedoen was by die eertydse Derde Beskuldigde se moeder se huis. Die verduideliking hiervoor is dat die skape eers gevang sou kon word wanneer hulle na die water kom om te drink vroeg die volgende oggend. Die waarskynlikhede is eerder dat hierdie ekskursie in die nag plaasgevind het omrede dit met dieftige opset gedoen was.

13.3 Die Appellante en Jacques Bosch sowel as die Derde Beskuldigde bring die skape na Prieska, maar neem dit nie onmiddellik na die perseel van die klaer soos wat die oogmerk aanvanklik was nie, maar word dit eerder gestoor in die Eerste Appellant se motorhuis. Die getuienis op die oorkonde is duidelik dat die klaer se erf slegs 20 minute se stap vanaf die Eerste Appellant se woning is.

13.4 Op die stadium toe beide Appellante gekonfronteer word

deur Botes en Jacobs maak geeneen van hulle melding daarvan dat hulle wel oor die nodige toestemming beskik het om die skape vanaf *Kareeboom* te verwyder en te besit daar in Prieska nie, maar probeer hulle eerder enige verbintenis met die skape ontken en stuur hulle die twee polisiebeamptes van bakboord na stuurboord.

14. Ek is tevrede dat die landdros heeltemal tereg die Appellante se weergawes as vals bo redelike twyfel verwerp het. Ek is ook tevrede dat dit oorvloediglik bewese staan op die aangebode getuienis vanaf Staatsweë dat die twee Appellante en die derde beskuldigde hulle inderdaad skuldig gemaak het aan diefstal van die ses skape, die eiendom van Mnr. HM Jordaan, die klaer.

15. Wat die vonnis aanbetref, meen ek dat die opgelegde vonnisse, ook dié van die Derde Beskuldigde, heeltemal te swaar is en skokkend onvanpas is. Slegs die Tweede

Appellant het vorige veroordelings gehad. Hulle is egter só oud dat die Landdros heeltemal korrek was in sy benadering dat hy dit nie in ag sal neem nie. Dit is weliswaar so soos die Landdros bevind het dat veediefstal ‘n ernstige probleem is, veral in die boerderygemeenskap in die omgewing van Prieska en Niekerkshoop. Daar kan verder ook nie teëgestribbel word met die Landdros se bevinding dat die Eerste Appellant ‘n leidende rol gespeel het deurdat hy sy voertuig verskaf het vir die vervoer van die skape vanaf *Kareeboom* na Prieska nie. Ek meen egter dat die vonnisse van drie jaar gevangenisstraf vir die Eerste en Tweede Appellant en twee jaar gevangenisstraf vir die Derde Beskuldigde heeltemal buitensporig is en ‘n gevoel van skok wek. In **Staat v Flip Jooste en Jan Nelson**, ‘n ongerapporteerde hersieningsuitspraak van hierdie Hof gelewer deur

Buys R, waarmee Lacock R saamgestem het (hersieningsaaknr. 427/02), gelewer op 27 September 2002, is daar verwys na die algemene tendens van vonnisoplegging in hierdie afdeling wanneer dit kom by veediefstal. Buys R toon tereg aan dat die tendens is dat vir eerste oortreders vir die diefstal van een skaap 'n vonnis van 12 maande gevangenisstraf gewoonlik opgelÍ word en in die geval van 'n tweede oortreder 15 maande gevangenisstraf. Die twee Appellante en hulle medebeskuldigde is vir alle doeleindes ten aansien van vonnis hierin eerste oortreders. Hulle het weliswaar ses skape gesteel, maar moet daar nie uit die oog verloor word nie dat vier daarvan lewendig teruggevind is. Aan die ander kant van die skaal is dit natuurlik so dat die Appellante, veral Eerste Appellant, nie uit broodgebrek nie maar uit gierigheid gesteel het. Wanneer die algemene

tendens, soos na verwys in die voormelde **Jooste en Nel**-saak toegepas word en die besondere meriete van hierdie bepaalde saak vir doeleindes van die individualisering van vonnis heroorweeg word, meen ek dat die Landdros gefouteer het deur nie 'n gedeelte van die vonnisse op te skort nie. Wat die Derde Beskuldigde aanbetref is dit so dat sy nie voor ons is nie aangesien sy nie geappelleer het nie, maar meen ek dat ons van ons inherente hersieningsbevoegdheid gebruik kan maak om haar vonnis ook afwaarts aan te pas.

16. Ek meen dat vonnisse van twee jaar effektiewe gevangenisstraf vir die twee Appellante en 18 maande vir die Derde Beskuldigde meer van pas sal wees. Daar moet deeglik in gedagte gehou word dat op die getuienis voor ons die Derde Beskuldigde grootliks deelgeneem het

aan hierdie misdryf omrede sy haar saamleefeggenoot, die Tweede Appellant, bloot maar vergesel het.

**17. Ek reik die volgende bevel uit:**

**a) Die Eerste Appellant se appél teen sy skuldigbevinding word afgewys.**

**b) Die skuldigbevindings van beide Eerste Appellant en Tweede Appellant word bekragtig.**

**c) Die appél teen vonnis slaag en die vonnisse wat die Eerste Appellant en Tweede Appellant opgelê is word tersyde gestel en vervang met die volgende: Elk drie jaar gevangenisstraf, waarvan een jaar gevangenisstraf opgeskort word vir vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigdes nie weer skuldig bevind word aan veediefstal gedurende die voormelde tydperk van opskorting nie.**

**d) Die eertydse Derde Beskuldigde, Mev Sanna Jacobs, voorheen van Derdestraat 16, Prieska, se opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende: die beskuldigde word gevonnis tot twee jaar**

**gevangenisstraf waarvan ses maande opgeskort word vir 'n tydperk van vyf jaar op voorwaarde dat sy nie weer skuldig bevind word aan veediefstal gepleeg gedurende die voormelde tydperk van opskorting nie.**

**e) Die voormelde vonnisse ten aansien van die twee Appellante sowel as die eertydse Derde Beskuldigde word teruggedateer tot 27 Februarie 2003.**

_______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | In persoon |
| NAMENS RESPONDENT | : | Adv AH de Nysschen |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-04-26 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-04-26 |